

CENTURION-WES PRESBITERIAANSE KERK

PREDIKING OP SONDAG 28 JULIE 2013

Dr. Huw Davies
Trinity Church
Lynnwood

MEER AS OORWINNAARS

Skriflesing Romeine 8 verse 18-39

INLEIDING

Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons lief het. Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Hierdie stelling van die Apostel Paulus, soos deur die Heilige Gees geïnspireer, toring bo baie ander uit. Die eerste aspek wat ons tref, is die kategoriese aard van hierdie stelling. In wese sê Paulus *Bo alle twyfel verhewe*. Tweedens word ons deur die komprehensiewe (omvattende) aard van hierdie stelling getref. *Dit behels alle aspekte van die mens se lewe*. Derdens word ons deur die kernbetekenis getref. *Dit het ewige betekenis*.

In ons tydsgewrig beleef ons kategoriese stellings soms as oordadig, bombasties en problematies. Die fragmentering van kennis maak ons vir seker agterdogtig wanneer ons stellings lees wat wil voorgee dat hulle alles-omvattend is. Blote sinisme sorg daarvoor dat ons vir enige stelling terugdeins wat wil voorgee dat dit vir tyd en ewigheid geld.

Ek en u sou waarskynlik hierdie stelling van Paulus met groot omsigtigheid wou benader. Ons sou ons kon afvra of enige mens wat oor gesonde verstand beskik, so 'n stelling enigsins kan maak. Na alles, ons het almal self baie ervaring van afskeid neem, van lyding, van pyn – ja, en selfs van nederlaag. Hoe op aarde kan hierdie man met die stelling kom dat ons *meer as oorwinnaars* is? Moet ons nie dalk *Jy's mal, Paulus! Jou groot geleerdheid maak jou mal!* soos Festus in Handeling 26 en vers 24 uitroep nie?

Paulus die mens

Voordat ons by die uitleg van vandag se Skriflesing kom, kom ons kyk kortliks na die mens Paulus, en die tye toe hy geleef het. Oor homself het Paulus onder andere soos volg geskryf (2 Kor 11 vv 23-27):

Ek was ... in die tronk, ek is ... dikwels geslaan, ek was dikwels in doodsgevaar. Vyf maal het ek van die Jode die gebruikelike straf van nege-en-dertig houe gekry, drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek 'n dag en 'n nag in die oop see deurgebring. Ek was dikwels op reis en in gevaar: daar was gevaar van riviere, gevare van rowers, gevare van my volksgenote en gevare van heidene; gevare in die stad en gevare in die veld; gevare op die see en gevare

onder vals broers. Daar was vir my harde werk en swaarkry, dikwels nagte sonder slaap, dikwels honger en dors; en dikwels was ek sonder kos, sonder skuiling of bedekking teen die koue.

Paulus se ondervinding van swaarkry oorskry by verre my eie, en dalk dit van baie van ons.

Paulus se wêreld

As ons na die wêreld kyk waarbinne hy geleef het, herinner geskiedkundiges van die periode ons by herhaling daaraan dat reuse onstabiliteit deel van die politieke toneel was – Paulus het tydens die bewind van Gaius geleef, wat sy perd tot lid van die Senaat verklaar het; van Claudius, wat roem as ‘n dobbelaar van formaat verwerf het; en van Nero, wie se wandade, insluitende die moord op sy eie moeder, uiteindelik tot die groot brand in Rome aanleiding gegee het, asook die rewolusie wat gevolg het waar daar binne ‘n enkele jaar vier Keisers was, en daarna ‘n reuse verandering in die wyse waarop die Romeinse Ryk regeer is. Historici van hierdie periode stem grotendeels ooreen dat Paulus waarskynlik in die eerste vyf jaar van Nero se bewind die Brief aan die Romeine geskryf het, en dat hy waarskynlik in opdrag van Nero ongeveer tien jaar later te Rome tereggestel is.

Hierdie man het in tye geleef wat beslis nie meer stabiel as ons huidige tydsgewrig was nie, en dalk minder so. Hy het swaarkry geken ver by baie se kapasiteit om dit te verstaan, verby. En tog is dit hy wat in Romeine 8 vers 37 kategorieë sê *Ons is meer as oorwinnaars*. Wat het hy geweet, wat het hy gesien, wat hom dit laat sê het?

MEER AS OORWINNAARS

Paulus se woord vir oorwinning sou ons ook kon vertaal as “ons hiper-oorwin”, of “ons bekom ‘n uitstekende oorwinning”. Die oorwinning is in elke opsig totaal, volmaak en absoluut.

(1) Die kategorieëse aard van Paulus se stelling

Dalk moet ons eerste vraag wees *waarom is Paulus so kategorieëse? Wat maak hom so absoluut adamant? In Romeine 8 verse 38 sê hy Hiervan is ek oortuig*. Wat hy sê is die slotgedeelte van ‘n lang en beredeneerde argument. Reeds in verse 16 en 17 van hoofstuk 1 van sy brief stel hy dit dat sy tema Christus en die Evangelie van Christus is, en dat dit deur Christus en Sy evangelie is dat ons verlos en vrygespreek word en derhalwe met God versoen kan word.

Sy stelling aan die einde van hoofstuk 8 bevestig onvoorwaardelik die sekerheid van die gelowige. Die konteks is dat Paulus eerstens oor die hart van die evangelie praat – die goeie nuus van God. Vanaf vers 18 van die eerste hoofstuk tot en met die einde van hoofstuk 4 skryf Paulus oor God Sy kinders as regverdig ag as gevolg van hulle geloof. Hierdie is die kern van die hoop van die gelowige: vrypraak deur die geloof.

Paulus praat verder van die sekerheid wat die Evangelie gee. Hy praat oor verskeie aspekte – ons hoop vir die toekoms; vryheid van die sonde; vryheid van die wet van die sonde en die

dood; en dan praat hy oor die versekering van die ewige lewe in die Heilige Gees. Hy skryf oor die Gees van die Lewe; die Gees van Aanneming; en van verse 18 tot 30 van hoofstuk 8, oor die Gees van Heerlikheid.

In verse 1-17 van hoofstuk 8 fokus Paulus op die Heilige Gees as die agent deur wie gelowiges die ewige lewe verkry en as kinders van God aangeneem word. *Geen veroordeling* kan oor die gelowige uitgespreek word (v 1) omdat hy of sy van die wet van die sonde en die dood vrygespreek is en God se eie kind geword het. Maar dan moet Paulus die vraagstuk aanspreek van hoe die Christen die hoop van die ewige lewe in stand kan hou, gegewe dat swaarkry en fisiese dood tog werklikhede van die lewe is. Hoe is dit moontlik dat diegene wat van die wet van die dood en die sonde vrygespreek is, tog te sterwe kom?

Paulus beweeg aan na 'n uiteensetting van die heerlikheid wat kom. In 'n baie belangrike sin, is wat Paulus in vandag se Skriflesing vir ons sê dat ons die weg van Christus moet volg: Hy het swaarkry geken; Hy het 'n fisiese dood gesterwe. Christus is deur God verheerlik. Verheerliking het op lyding, swaarkry en die dood gevolg. Dit is vir die gelowige dan ook so.

In vers 18 skryf Paulus *Ek is oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie*. Hierdie tema word by herhaling deur Paulus geopper: die Kinders van God word deur die geloof vrygespreek; deur die werk van die Heilige Gees word hulle gereinig; hulle uiteindelijke bestemming is om deur God verheerlik te word: die kinders van God sal in God se heerlikheid deelneem. Vanaf vers 21 herinner Paulus sy lesers dat selfs die skepping van verganklikheid bevry staan te word.

Die Gees van God is die skakel tussen ons "alreeds" en ons "nog nie". Dit maak dit wat ons nog nie kan sien nie, net so seker asof dit reeds aan ons behoort het. God se bedoeling is om Sy verheerliking met elke persoon te deel wat deur geloof in Jesus regverdig verklaar is. Ons versekering van die finale oorwinning berus op hierdie belofte van God. Paulus is egter ook realities: hy weet dat tussen waar ons tans is en die verkryging van die belofte daar dalk jare se uitdagings voorlê: dit sluit pyn, kommernis, swaarkry en dalk selfs rampspoed in.

Paulus is kategories omdat hy weet dat die beloftes van God ja en amen is.

(2) Die Komprehensiewe (omvattende) Aard van Paulus se Stelling

Tweedens sien ons die komprehensiewe aard van Paulus se stelling. Hy verwys na die basis van God se handeling met Sy kinders: *die liefde van God wat daar is in Christus Jesus ons Here*. In verse 38-39 handel Paulus in 'n sekere sin met 'n opgawe van al die dinge wat verkeerd sou kon gaan.

- (i) Volgens Paulus kan die lewe self en ook nie die dood ons van die liefde van God skei nie. Hierdie is 'n wonderlike bron van versekering – die liefde van God is baie groter as ons fisiese werklikheid. Dit sou menslik wees om te aanvaar dat die lewe met geboorte begin, en dat dit wanneer ons sterwe tot 'n einde kom. Glad nie! Paulus stel dit baie duidelik dat God se liefde vir ons geen begin en geen einde het nie. Dit

was altyd daar. Maar hierby sê Paulus dat ongeag wat die lewe vir ons inhou, kan ons nie van die liefde van God in Christus geskei word nie. Ons het reeds gesien dat Paulus se eie lewe verskeie wrede teleurstellings ingehou het. Fisiese en geestelike beproewing het op sy pad gekom. Selfs die dood het vele kere hom gekonfronteer. Maar deur dit alles was die liefde van God aanwesig.

- (ii) Paulus beweeg aan en stel dit dat geen engele of magte ons van die liefde van God kan skei. Nadat hy met die fisiese gehandel het, kom Paulus by die wêreld van die geestelike uit. Sekere kommentatore maak die punt dat Paulus hier na die werklikheid van die geestelike verwys, dat hierdie wêreld werklik bestaan, en dat dit op ons lewens 'n impak uitoefen – soms bring dit goeie dinge, soms die teendeel. Ons weet dat Paulus in van sy ander skrywes – byvoorbeeld in die Brief aan die Efesiërs – daarop wys dat ons by 'n oorlog in die geestelike wêreld betrokke is. Ons moet nie die fout begaan om te dink dat ons lewens nie deur die geestelike wêreld geaffekteer word nie. Maar die belangrike hier is om te besef dat, ongeag wat gebeur, die liefde van God deur Jesus Christus altyd met ons is.
- (iii) Paulus verwys derdens na die tydsbegrip, of die idee van temporaliteit, of te wel die tydelikheid van alles. Hy sê dat die teenswoordige en ook die toekoms ons nie van die liefde van God kan skei nie. Een kommentator skryf dat Paulus die versekering wil gee dat geen tydgekoppelde gebeurtenis ons van die liefde van God kan skei. Soms bekommer ons oor die toekoms. Ons het vrese wat met ons gesondheid verband hou, of die materiële, of ons gesin, of hoe ons verskeie uitdagings gaan aanspreek. Paulus bemoedig die gelowiges deur daarop te wys dat God se liefde 'n nimmereindigend stroom is, wat vir tyd en ewigheid vir die gelowiges beskikbaar is. Hierdie is 'n wonderlike en bemoedigende waarheid!
- (iv) Paulus verwys vervolgens na hoogte en diepte, of die ruimtelike. Dit mag wees dat hy “diepte” as 'n begrip gebruik vir dit wat in sy tyd bekend was as “die dinge onder die aarde” en dat hy ook verwys na die dinge “bokant die aarde” – dit is die uitspannel en die buitenste ruimte. In wese, as daar in die toekoms ruimtereisigers sou wees, sal die liefde van God steeds met hulle wees. Selfs in die diepste dieptes van die aarde, selfs in die vêrste ruimte, is daar niks wat ons van die liefde van God kan skei. En dan laastens, in geval daar nog iemand is wat twyfel in die gemoed het, sê Paulus *enigiets anders in die skepping* – daar is letterlik niks wat ons van die liefde van God kan skei of verwyder nie.

(3) Die Kernbetekenis van Paulus se Stelling

In vers 35 van Hoofstuk 8 vra Paulus die vraag *Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?*

Hierdie vraag aan Christene in die dae van Paulus was nie 'n retoriese vraag nie. Die gelowiges in die vroeë kerk het swaarkry en ellende al te goed geken. Min gelowiges is nie daagliks deur vele ellendes oorval nie: hulle het geweet dat om hulle geloof uit te leef beslis nie 'n eenvoudige saak was nie. Die lewe en getuienis van diegene wat teen-kultureel is, is beslis nie eenvoudig nie. Ek en u mag ons op die pad vorentoe ook swaarkry raakloop omdat ons volgelingen is van wat in die vroeë kerk as Die Weg bekend gestaan het. 'n Sekulêre samelewing verdra nie die geestelike nie; 'n materialistiese wêreld begryp nie die nie-materiële nie; die tromslag van humanisme verswelg stemme wat sê *Glo in Christus en jy sal gered word*. Vervolging van mense wat die Here se wil doen, bestaan al vir duisende

jare, en ons moet nooit vergeet nie dat terwyl ons hier aanbid, is daar ander elders wat vir hulle geloof vervolg word.

Honder en naaktheid handel met materiële behoeftes; lyding, benoudheid en vervolging handel met fisiese en geestelike bedreiging; die swaard handel met die werklikheid van fisiese dood. Hierdie verskynsels was aan Christene in die Romeinse Ryk al te bekend. Minder as tien jaar nadat Paulus hierdie woorde geskryf het, is Christene op meedoënlose wyse tydens en na die groot brand in Rome gefolter; enkele jare daarna is Jerusalem verwoes en Jode en Christene is doodgekap; toe Paulus hierdie woorde geskryf het, is die hande van Christene in dele van die Romeinse Ryk in 'n vlam gehou omdat hulle nie die Keiser wou aanbid nie.

Nee! Paulus sê ons is hiper-oorwinnaars deur Hom wat vir ons lief het. Niks kan ons van die liefde van God skei nie. En hier keer Paulus terug na die basis van ons geloof soos in Romeine 5 verse 6-8 uiteengesit: *Toe ons nog magteloos was, het Christus immers op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe. 'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand nog die moed hê om te sterwe. Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.*

As gevolg van God se liefde vir ons soos in Christus geopenbaar, is ons meer as oorwinnaars want niks kan ons oorwin nie.

AFSLUITING

God is op hierdie oomblik met ons. Deur ons Here Jesus Christus is God se liefde nou met ons. Daardie wonderlike liefde omvou ons nou. Al te dikwels is ons soos Eliza Doolittle – *moenie vir my sê nie, wys my!* is ons bede. Maar al te dikwels sluit die materiële en die hier en nou die dinge van die gees uit. Miskien voel u nou asof u oorweldig word – moontlik deur hartseer; dalk deur pyn; moontlik deur die verskeie ladings van die wêreld, wat so baie vorms kan aanneem. Dit mag wees dat u in u kop maal, en kolk en draai, in 'n poging om iets in u lewe te verstaan wat op die oog af net nie sin maak nie.

Ons kan Paulus se boodskap soos volg opsom:

In lewe, het Jesus my liefgehad; deur Sy dood het Hy my gered; deur begrawe te word het Hy my sondes verwyder; Sy opstanding het my voor God regverdig verklaar; Hy sal weer kom; dit sal 'n onbeskryflik wonderlike dag wees.

Mag die Here vir ons die genade en die insig gee om aan daardie waarheid vas te klou; om te weet dat God altyd met ons is. Mag u dan ook deur die week vorentoe hierdie wonderlike boodskap van God saamneem, soos deur Sy Apostel Paulus verklank:

Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons lief het. Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping

kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Mag God met u almal wees en u ryklik seën.

Amen.